HOE SKRYF EK MY GRAAD 7 KIND IN BY HOËRSKOOL BRACKENFELL VIR GRAAD 8 2024 ?

Belangrike datums vir aansoeke:

13 Maart 2023	Openbare skole toelatings **open**
14 April 2023	Skooltoelatings **sluit**
17 April – 19 Mei 2023	Skole verwerk aansoeke
24 Mei 2023	**Prinsipale finaliseer die status van alle aansoeke op die aanlyntoelatingstelsel en teken dit af.**
29 Mei 2023	Die stelsel vertoon die uitslag van alle aansoeke.
29 Mei – 02 Junie 2023	Ouers word per e-pos/SMS van die uitslag ingelig.
29 Mei – 19 Junie 2023	**Ouers bevestig aanvaarding**
19 Junie – 31 Julie 2023	Skole vul beskikbare plekke
20 Junie, tot wanneer plasing afgehandel is.	Ouers word van plekke in kennis gestel, en moet binne **drie dae** aanvaar en bevestig.
31 Julie 2023 – Afhandeling van toelatings	Die WKOD neem ‘n besluit en plaas ongeplaasde leerders in oorleg met skole.

WKOD-REGISTRASIE

(MOET voltooi word vir u aansoek om suksesvol te wees.)

- Klik op die volgende skakel: https://admissions.westerncape.gov.za/
- Volg die stappe en voltooi die registrasie vorms.
- **Heg die verlangde ondersteunende dokumentasie aan.**
- Dien die registrasie in.
- Die WKOD se registrasieproses open op **13 Maart 2023.**
- Die aanlynregistrasie moet voltooi wees teen **14 April 2023.**